‘Ons *laaik* innie bos woon’

Rethie van Niekerk *is leraar van die Somerstrand-gemeente in Port Elizabeth.*

“Ons *laaik* dit om in die bos te woon. Hier het ons vryheid – niemand pla ons of plaas druk op ons nie.” Só sê Danie, leier van die werkskeppingsprojek tussen die duine buite Somerstrand, Port Elizabeth.

Die NG Gemeente Somerstrand was nog altyd op verskillende maniere betrokke by die mense wat in die bos woon. Toe hulle ongeveer vier jaar gelede met van die jong outjies wat by die see woon gesels, hoor hulle dat dié manne graag wil werk. Hulle wil hout kap. Gevolglik word daar gereël vir ’n borg en ’n splinternuwe bandsaag.

Danie en Ulrich het begin rooikranshout kap en tot braaihout verwerk. Theo, ’n lidmaat van die gemeente, het hulle elke naweek by straathoeke gaan aflaai om hulle hout te smous.

Daar ontstaan later spontaan nóg so ’n houtonderneming, wat ook deur lidmate van die gemeente bygestaan is. Hierdie onderneming het só gegroei dat hulle ’n bakkie gekoop het, uit die bos getrek het en nou heeltemal onafhanklik funksioneer.

Danie-hulle het egter aangehou om vanuit die bos te werk. Op die oomblik is hulle vyf vennote. Uit die wins kon hulle nog bandsae asook ’n “werkesel”-karretjie koop. Hiermee ry hulle die hout aan tot by die pad, waar die groothandelaars se vragmotors dit kom oplaai. (Hulle is baie trots op die kilometerslange pad wat hulle gemaak het, maar die vragmotors kan ongelukkig nog nie tot by hulle werksarea kom nie.) Soveel soos wat hulle kan lewer, soveel koop die groothandelaars.

Om ’n onderneming te bedryf, moet ’n man egter skoon wees. Gevolglik het van ons lidmate The Willows-kampterrein besoek en gevra of die jong manne by Willows se derde hek kan stort. Daar word onmiddellik “ja” gesê. Hulle moet net ’n toegangskaartjie maak met elkeen se foto op.

Tydens ’n opvolgbesoek kom daar ’n vrou ingestap – niemand anders nie as die ma van ’n jong man wat voorheen in die bos geslaap het en nou deur lidmate se toedoen met sy ma herenig is! Sy werk by Willows se derde hek en sê sy sal na die jong manne omsien. Gevolglik is dié manne nou skoon.

Hoewel hierdie onderneming finansieel onafhanklik is, is die Somerstrand-lidmate steeds ondersteunend betrokke. Water, brandstof en kos word aangery, aangesien hulle nie vervoer het om in die dorp te kom nie. Die manne kry ook Sondagaande ’n geleentheid kerk toe, waar hulle saam met ander jongmense die erediens bywoon en volledig inskakel. Kontak is met hulle families gemaak, en hulle gaan kuier sommige vakansies by hulle ouers.

Oor die jare was ongeveer 30 mense al deel van die projek. Wanneer lidmate mense sonder heenkome vind, word hulle na Danie-hulle geneem. Hierdie mense bly enigiets van ’n maand tot ses maande in die bos, terwyl ons lidmate probeer om vir hulle ’n beter heenkome te vind. Hulle families word onder meer gebel, probleme met die gereg word hanteer en ID-dokumente word voorsien. Intussen versorg Danie-hulle dié mense totdat hulle geld begin verdien.

Ek bel vir Danie en verduidelik dat ek ’n storie wil skryf oor hulle sakeonderneming. “Ons is nie ’n sakeonderneming nie,” is sy reaksie. “Ons help mense. Ons staan saam as ’n span. Net een ou werk met die geld, die res staan saam, sodat ons saam groei.”

Danie se huis in die bos.